



PLAASLIKE MARKTE

– MARK SLUIT LAER, EINDIG 1STE KWARTAAL HOËR

Die JSE Indeks van Alle Aandele het maand op maand met 2.1% gedaal maar die kwartaal 4.2% hoër afgesluit. Finansiële aandele was grootendeels die oorsaak vir die swakker prestasie in Maart. Die Fini-15 het maand op maand 6.4% gedaal (-0.2% jaar tot datum 1ste kwartaal). Die bankaandele wat op die JSE genoteer is deur die impak van wisselvalligheid weens 'n mini bankkrisis in die VSA en probleme by Credit Suisse geraak.

Die SA Genoteerde Eiendomsindeks het in Maart verder verswak en maand op maand 3.7% gedaal (-5.3% jaar tot datum), terwyl die Indi-25 maand op maand 1.0% laer gesluit het (+14.0% jaar tot datum). Die Resi-10 het maand op maand net-net hoër (+0.7%) gesluit maar is vir die jaar tot dusver 6.5% laer. Die groter aandele op die mark – gemeet aan markkapitalisasie – wat goed gevaar het sluit in BHP Group (+4.1%), Anheuser Busch InBev (+6.1% maand op maand), Prosus (+3.9%), Richemont (+1.8%) en Naspers (+1.1%).

Gold Fields het in Maart die beste gevaar en die aandeelprys van dié maatskappy het met 'n indrukwekkende 42.1% gestyg, met AngloGold Ashanti in die tweede plek (+39.1% maand op maand) en Harmony in die derde plek (+31.1% maand op maand). Transaction Capital was die swakste vertoner in Maart en sy aandeelprys het maand op maand met 59.1% gedaal. Die maatskappy het groot blootstelling aan SA se taxi bedryf en die probleme in die bedryf – stygende rentekoerse, beurtkrag, en hoër brandstofpryse – het die aandeelprys negatief beïnvloed. Steinhoff was in die tweede plek (-45% maand op maand) met Rhodes Food Group in die derde plek.

RENTEKOERS WEER VERHOOG

Inflasie het in Februarie effens gestyg (die eerste styging in vier maande) en 'n syfer van 7.0% jaar op jaar (Januarie 6.9%) is bekend gemaak. Voedselinflasie het met 'n stewige 13.6% jaar op jaar gestyg, die hoogste vlak sedert April 2009. Kleinhandelverkope het vir die tweede agtereenvolgende maand gedaal. SA se Bruto Binnelandse Produk (BBP) het in die vierde kwartaal van 2022 met 1.2% gekrimp, teenoor groei van 1.08% in die derde kwartaal.

Dit was die ergste inkrimping sedert die derde kwartaal van 2021 en is grootliks te wyte aan die toename in beurtkrag aan die einde van verlede jaar.

Die SA Reserwebank het ná afloop van die vergadering van die Monetêre Beleidskomitee die rentekoers met 50 basispunte verhoog (ontleders het 25 basispunte verwag) en die repokoers is nou 7.75%.

SA verbruikersvertroue het in die eerste kwartaal van 2023 tot die laagste vlak in 'n jaar gedaal, aldus die jongste FNB/Buro vir Ekonomiese Navorsing verslag. Die syfers toon die impak van die voortslepende elektrisiteitsprobleme en stygings in lewenskoste op die ekonomie. Die lesing van -23 is die derde laagste op rekord sedert 1994 en wys duidelik huishoudings se kommer oor hul finansies en SA se ekonomiese vooruitsigte. Besighede het ook nie veel vertroue nie en die RMB/BER sakevertroue-indeks het in die eerste kwartaal van 2023 verder gedaal tot 36 (38 in die laaste kwartaal van 2022).

Die rand het maand op maand met 3.2% teenoor die VSA dollar verstewig, grootliks danksy die rentekoersverhoging soos deur die SARB aangekondig. Jaar tot datum/eerste kwartaal 2023 is die geldeenheid 4.3% swakker teenoor die dollar.

WERKLOOSHEIDSYFER VERBETER

SA se formele indiensneming het in die vierde kwartaal met 48 000 tot byna 10 miljoen mense in poste gestyg, volgens Statistiek SA se jongste verslag wat in Maart uitgereik is. Dit sluit landbou en private huishoudings uit. Die kwartaal-op-kwartaal syfer is grootliks danksy indiensneming in sakedienste en handel vir die gebruiklike beter feesseisoen. Ander bedrywe het nie veel poste geskep nie, 'n teken dat die ekonomie onder druk is. Totale indiensneming het egter met 94 000 of 0.9% gedaal op 'n jaargrondslag, wat 'n goot uitdaging vir die regering skep om die ekonomie te steun en die land se uiters hoë werkloosheidsyfer onder beheer te bring.

VOERTUIGVERKOPE LAER

Stygende rentekoerse en 'n protes wat deur die EFF georganiseer is het voertuigverkope negatief beïnvloed, aldus Naamsa se jongste verslag. Die motorbedryf het in Maart 'n totaal van 50 157 motors en handelsvoertuie verkoop, 0.6% minder as die 50 465 wat in Maart 2022 verkoop is. Motorvoertuie het veral swak gevaar en met 6.4% tot 31 631 gedaal (Maart verlede jaar 33 788). Sake is wel gesteun deur 'n styging van 11.1% in die verkope van ligte handelsvoertuie, grootliks bakkies in minibusse. Volgens die Naamsa verslag is 'n totaal van 139 437 voertuie in die eerste kwartaal van die jaar verkoop, 2.4% beter as die 136 192 wat in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar verkoop is.

INTERNASIONALE MARKTE

- MARKTE SLUIT HOËR ONDANKS MARKSKOMMELINGE

Die meeste internasionale markte het Maart (en die eerste kwartaal van die jaar) positief afgesluit (MSCI Wêreldindeks +3.2% maand op maand en +7.9% jaar tot datum), ondanks die impak van 'n mini bankkrisis en voortgesette kommer dat hoër rentekoerse 'n resessie gaan meebring. In die middel van Maart het die ineenstorting van 'n groep medium en kleiner banke in die VSA vir die eerste bankkrisis sedert die groot finansiële krisis van 2008 gesorg, en gevolglik het markte getuimel. In Europa het Credit Suisse ook nuusopskrifte gehaal weens gevalle van swak risikokontrole. Ondanks dié verwickelinge het die meeste internasionale markte die krisis afgeskud en is veral deur indrukwekkende vertonings deur Amerikaanse tegnologie-aandele gesteun.

Die VSA Federalde Reserweraad (Fed) het op 3 Maart Amerikaanse rentekoerse met 0.25% verhoog, soos algemeen verwag is. Volgens 'n verklaring van die Fed voorsitter Jerome Powell is dit nog 'n lang proses om Amerikaanse inflasie tot minder as 2% te beheer en dat dit 'n wipplankrit gaan wees.

Wat ekonomiese data betref het Amerikaanse inflasie soos verwag in Februarie tot 6.0% jaar op jaar gedaal (6.4% jaar op jaar in Januarie). Kleinhandelverkope het die jaar goed afgeskop en maand op maand met 3% gestyg.

Aandelemarkte het goeie stygings aangeteken en al drie die vernaamste markte het die maand hoër afgesluit. Die Nasdaq het die beste gevaar en maand op maand 6.7% hoër gesluit (+16.8% jaar tot datum/eerste kwartaal). Die S&P 500 het maand op maand 3.5% hoër gesluit (+7.0% jaar tot datum/eerste kwartaal) en die Dow Jones het maand op maand met 1.9% gestyg (+0.4% jaar tot datum/eerste kwartaal).

In Europa het die DAX in Duitsland maand op maand 1.7% hoër gesluit (+12.2% jaar tot datum/eerste kwartaal). Die CAC in Frankryk het maand op maand met 0.7% gestyg (+13.1% jaar tot datum/eerste kwartaal). Eurosone inflasie was in Februarie effens laer op 8.5% jaar op jaar (Januarie 8.6%). In Duitsland is inflasie steeds hoog op 8.7% jaar op jaar, dieselfde as in Januarie. Soos in SA, styg voedselpryse skerp in Duitsland en 'n syfer van 21.8% jaar op jaar is vir voedselpryse bekend gemaak. In Frankryk was inflasie effens laer – 6.6% jaar op jaar in Maart teenoor 7.3% in Februarie.

In die VK het die FSTE 100 Indeks gedaal ná twee agtereenvolgende maande van stygings. Maand op maand het die indeks met 3.1% gedaal maar is jaar tot datum steeds positief (+2.4%). VK inflasie het in Februarie tot 10.4% jaar op jaar gestyg (Januarie 10.1%) weens deurlopende stygings in die pryse van voedsel en energie.

WISSELVALLIGE MARKTE IN ASIË

In China het die Hang Seng in Hong Kong maand op maand (en ook jaar tot datum) met 3.1% gestyg maar die Shanghai Saamgestelde Indeks was maand op maand 0.2% laer (+5.9% jaar tot datum). Die land se aankopersindeks vir Maart staan op 51.9 teenoor 52.6 in Februarie, die beste syfer sedert April 2012.

Japan se Nikkei het maand op maand met 2.2% gestyg (+7.5% jaar tot datum/eerste kwartaal). Inflasie het in Februarie gedaal tot 3.3%, vergeleke met die hoogtepunt vir 41 jaar (4.3%) wat in Januarie bekend gemaak is. Die pryse van brandstof, water en ligte het vir die eerste keer sedert Mei verlede jaar gedaal. Hoewel die syfer laer is, is dit steeds hoër as die Bank van Japan se teiken van 2%.

Die olieprys was maand op maand 4.9% laer en 7.1% laer vir die eerste kwartaal. Die prys van ystererts het in Maart met 4.2% gestyg (+9.0% jaar tot datum) en die goudprys het stewig vertoon en maand op maand met 7.8% gestyg (+8% jaar tot datum). Die pryse van platinum en palladium het maand op maand met onderskeidelik 4.3% en 3.2% gestyg.

SLIM WENK

LEES ONS BELEGGINGSNUUS

Is dit tyd om jou portefeulje samestelling te heroorweeg en hoekom is dit belangrik? Is jou testament op datum? Is belastingvrye beleggings by jou plan ingesluit? Al hierdie kwessies en meer word in artikels deur ons adviseurs aangespreek. Dit is beskikbaar op die Brenthurst-webtuiste.

[LEES DIT HIER: BELEGGINGSNUUS](#)

Bronne: Anchor Capital; BusinessLive, BER



HOW TO BUILD WEALTH IN MAURITIUS

WEBINAR
19 APRIL 2023 | 14:00 - 15:30 SAST

MAGNUS HEYSTEK
BRENTHURST

SAMINA JAGOO-JAFFERY
BRENT CONSULTA

RICHARD HALLER
PAM GOLDING

WEBINAR 19 APRIL 2023 | KLIK HIER OM AANLYN TE BESPREEK

DATEER JOU BRENTHURST-TOEP VANDAG OP!

WAT IS NUUT?

In ons nuwe en verbeterde weergawe van die toep, is ons opgewonde om 'n vinniger gebruikerservaring met 'n ryk en vloeibare koppelvlak te hê.

Die nuwe weergawe maak in-toep-sig op Apple Maps, Google Maps en geoptimaliseerde integrasie vir Safari, Chrome, Mail en Phone moontlik.

Die Brenthurst-toep is geoptimaliseer vir die nuwe iOS 16 sowel as Android 13 vrystelling, dus maak seker dat jou toestel opgedateer is na die nuutste sagteware wat beskikbaar is vir jou mobiele toestel.



KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
Cape Town Waterfront +27 (0) 21 418 1236
George +27 (0) 82 551 3299

Claremont +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius + 230 484 2175

BRENTHURST SATELLIET KANTORE

GARDEN ROUTE | KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroue van wettig beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.